# 26 Junie 2023 - Lesing 58 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

JaHshua se belofte van die Gees – 8/2/58

**NO: 7037** Toe Ek op aarde gewandel het, het Ek julle My Gees beloof. Maar eers na My kruisdood kon hierdie Gees Haarself in julle uiter, omdat Sy, as deel van My, nie kon deurbreek waar die sonde van die vroeëre opstand teen My - die groot oerskuld - nog nie tot niet gemaak was nie, wat eers deur die verlossingswerk moontlik geword het. En daarom kan My Gees Haarself ook nou eers daar uiter, waar die verlossing van sonde vooraf gedoen is.

Daarom is die opwekking van die Gees altyd eers die gevolg van die verlossing deur JaHshua Messias. Daar kan nou wel 'n opwekking plaasvind deur in Hom te glo, wat dan eers die verlossing van die sonde tot gevolg het, maar deur hierdie opwekking is nou ook die wek van die Gees moontlik, sodat gawes van die Gees van die mees verskillende soorte duidelik sal word.

En dit moet julle mense nastreef, sodra julle glo in JaHshua Messias, in My menswording en My kruisdood. Dan sal julle ook aan My Woorde moet dink, waarmee Ek julle My Gees beloof het. Julle moet daaraan dink, "**dat Ek Self by julle sal wees tot aan die einde van die wêreld**". Slegs vir 'n kort tydjie kon Ek in julle midde vertoef het in die vorm van die mens JaHshua, **Wie My (Vader) in alle volheid in Homself gedra het.**

Maar Ek wil ook steeds by diegene teenwoordig wees, wie na My verlang, die wie My liefhet en volgens My welgevalle wil lewe. En by hulle wil Ek vertoef in die Gees. My krag moet hulle deurstroom, sodat hulle ook ongewone werke tot stand kan bring. Waar Ek dus aanwesig is, sal Ek Myself ook uiter.

Ek sal die mens vertroud maak met 'n waarheidsgetroue kennis. Ek sal aan hom krag skenk om tot **welsyn van die medemens werksaam te wees, geestelik of ook aards.** Ek sal aan hom die **toekomstige openbaar**, indien dit dienstig sal wees vir die sieleheil van die mense. Ek sal hom die krag gee om **siekes te genees** in My Naam. En so sal Ek steeds My aanwesigheid bewys, net soos wat Ek dit beloof het.

Ek sal in die Gees by diegene wees **wie My liefhet en My gebooie nakom.** Maar Ek sal deur My Gees nie daar werksaam kan wees, waar die verlossing deur JaHshua Messias nie eers plaasgevind het nie. Want My Gees forseer Haar **nie met geweld** op julle af nie. En waar Sy weerstand kry, swyg Sy.

Maar geseënd is diegene wat vir Haar die deurbraak toestaan, wie toegee **aan Haar sagte aandrang om liefde te beoefen,** wie die weg na JaHshua Messias geneem het en homself heeltemal aan Hom oorgegee het. Hulle sal dan ook die waarheid van My belofte ondervind, deurdat Ek Self van hulle besit sal neem, dat Ek by hulle sal verblyf en hulle nou met gawes van die Gees sal toerus.

Want waar Ek is, wil Ek Myself ook weggee. En My geskenk aan die mense sonder lig en krag sal steeds bestaan uit die toevoer van lig en krag. Ek sal hulle dieselfde verskaf wat Ek op aarde aan My leerlinge uitgedeel het: 'n Ongewone kennis en ongewone krag, sodat hulle ook dit kon volbring wat vir hulle as mens onmoontlik was.

Maar Ek kon My Gees ook net uitgiet oor **My leerlinge wat My gewillig gevolg het en wie se lewenswandel toegelaat het dat My kruisdood vir hul algehele verlossing gebring het** van My teenstander, van hul oerskuld en dus ook van hul toestand van swakheid en duisternis.

My Gees het hulle verlig, My Gees het hulle krag in oorvloed gegee, want Ek Self was die Een wat in hul midde vertoef het, wat deur hulle gespreek het en deurdat hulle die wonderwerke verrig het toe hulle in My Naam die wêreld ingegaan het om die evangelie te verkondig. Ek was by hulle, net soos in My tyd op aarde. En Ek kon by hulle wees, **omdat hulle slegs aan My toebehoort het** en dus nou ook deur die krag van die Gees kon werk, soos wat Ek dit aan hulle beloof het.

En so sal Ek ook by diegene wees wat dit vir My **deur hulle lewenswandel** moontlik maak om in hulle teenwoordig te wees. En Ek sal My teenwoordigheid bewys deur **ongewone werke**, deur toevoer van lig en krag. En hulle sal eweneens die verlossingswerk van JaHshua Messias bekendmaak, net soos My eerste leerlinge.

**Hulle sal My Naam verkondig in die wêreld en ook hul medemens wil help om verlos te word**, omdat hulle self verlig sal wees deur My Gees en omdat My Gees hulle sal aanspoor om vir My en My ryk te spreek en die waarheid van hulle spraak te bevestig deur gawes van die Gees, **deur duidelike bewyse van My aanwesigheid.** Amein.